VERJAARSDAE : 7 TOT 13 MEI 2006

05/07	*WELMA CRAFFORD*	*HANS STRIJDOMLN 182*	*664 1568*	*Wyk 09Aa*
05/07	*CORNÉ VILJOEN*	*KRUGERLN 14*	*664 3548*	*Wyk 24Aa*
05/07	*FRANCOIS ROOS*	*KRUGERLN 102*	*664 0218*	*Wyk 16Ab*
05/08	*WALDO LAUNSPACH*	*VAN RIEBEECKLN 309*	*664 0182*	*Wyk 01Ab*
05/09	*JACOBUS HUMPHRIES*	*MOLTENOWEG 4*	*664 4549*	*Wyk 08Ab*
05/09	*KOBUS BADENHORST*	*VAN RIEBEECKLN 281*	*664 5338*	*Wyk 03Ac*
05/10	*ELANI BOTHA*	*VAN RIEBEECKLN 194*	*082 339 6136*	*Wyk 10Aa*
05/10	*ELSABÉ BIRD*	*HANS STRIJDOMLN 115*	*664 3568*	*Wyk 13Aa*
05/11	*LOUISA ROOS*	*HANS STRIJDOMLN 30*	*664 2332*	*Wyk 22Aa*
05/12	*GERDA VAN WYK*	*KRUGERLN 140*	*664 3331*	*Wyk 16Ab*
05/12	*KARIN LEE*	*THEODORESTR 45*	*082 393 0361*	*Wyk 01Ab*
05/12	*TIAAN OERTEL*	*FLEURPARK WS 4*	*664 6188*	*Wyk 06Aa*
05/12	*ALNA FERREIRA*	*SMUTSLN 258*	*664 2621*	*Wyk 05Ab*
05/13	*SINTICHÉ WALKER*	*VILLA MIA W/S 50*	*083 601 4521*	*Wyk 26Aa*
05/13	*ANRIE ROOS*	*CANTONMENTSWEG 1*	*664 2943*	*Wyk 12Aa*

HUWELIKHERDENKINGS 7 TOT 13 MEI 2006

7 MEI			
MARTIN EN GERDA STRAUSS	*HANS STRIJDOMLN 120*	*664 0468*	*14Ab*
11 MEI			
TAS EN ROLENE BUITENDAG	*LANGEBRINKWEG 32*	*664 3213*	*19Ab*

FISIOTERAPEUTE

Ronél van der Westhuizen en Lynette Niemand
(Voorheen van Doringkloof)

NOU BY:

Health Mediese Sentrum, Jeanlaan 258b, Lyttelton, Centurion
(Tussen Gerhard– en Lenchenstraat)

Kontak ons vir algemene fisioterapie-dienste
Telefoon: 012 664 0617
Ronél 082 678 1353
Lynette: 082 769 9170

BOOMSLOPING EN SNOEI VAN BOME EN STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 233 6394

PERSKES

Toeks het nog heerlike Kaapse perskes vanaf Calvinia teen R30.00 per kilogram (ongeskil).
Skakel haar vir bestellings: 664-4393

NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 7 MEI 2006

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

SONDAG, 7 MEI

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman (Tema: *Die Huisgesin van God*)
10:30 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman (Tema: *Die Huisgesin van God)*
18:30 Jeugdiens (Geen nagmaal) Kategese Ds Freddie Schoeman
19:00 Mosaïek: Inligting oor die Da Vinci Code

DINSDAG, 9 MEI

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 10 MEI

17:30 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

SONDAG 14 MEI

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Tema: *Die Huisgesin van God vergewe mekaar*)
09:00 Kleutereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Tema: *Die Huisgesin van God vergewe mekaar*)
12:00 Blokbyeenkoms: Blok 2
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek: Inligting oor die Da Vinci Code

DINSDAG, 16 MEI

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 17 MEI

17:30 Biduur
20:00 Adoramus

SONDAG, 21 MEI

09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek: *In die stof van die Rabbi*

DINSDAG, 23 MEI

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Wernich en Erika Pienaar, Van Riebeeckln 277, 664-4685, met Wernich wat in die hospital in die intensiewesorg eenheid opgeneem is.
2. Joz en Toekie Joubert, Van Riebeeckln 45, 664-2152, met Toekie wat al 'n geruime tyd in die intensiewesorg eenheid van Unitashospitaal is.
3. Shane en Petro Dalhouzie, 4de Straat 3 LMB, 082 909 3590 met Petro wat in die hospitaal is.
4. Ernie en Dorothy Müller, DF Malanln 113, 664-3764 wat in 'n huisinbraak was. Dit was baie traumaties en ons bid hulle sterkte toe.

AKSIE TWEE +

Getroudes en gesinne met jong kinders

28 Mei: Johan Herholdt oor
Jou Persoonlikheid en jou Verhoudings

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf Universiteitsoord:
Barend Jacobus Vorster

Vanaf Middelburg-Suid:
Gertruida Johanna Blaauw (nou Vorster)

Dooplidmate:

Donovan Jason en Jullian Damon Kleinschmidt

Hulle woon in Elizabethstr 223, Doornkloof.

Hartlik welkom by Lyttelton-Oos.

ONTHOU
WOENSDAG, 10 MEI
19:00 Kerkraadsvergadering

GOD SE TIEN BELOFTES AAN ONS

Omdat Jesus Christus die die wet vir ons volkome vervul het, word die Tien Gebooie in Hom tien beloftes aan ons.

Eerste gebod: Ek belowe jou dat, as Ek die eerste plek in jou lewe inneem, jy geen ander gode sal wil dien nie – Ek sal die eerste en ereplek in jou lewe hê.

Tweede gebod: As Ek in jou hart is, belowe Ek dat jy geen gesnede beelde van my sal maak nie. Dit sal nie nodig wees nie, want jy sal self my beeld dra.

Derde gebod: As jy My liefhet, sê Jesus, belowe Ek jou dat my Naam nooit 'n vloekwoord oor jou lippe sal kan wees nie, maar steeds en in alle omstandighede deur jou in ere gehou sal word.

Vierde gebod: As Ek die ereplek in jou lewe het, belowe Ek jou dat die Sondag die hoogtepunt van die week vir jou sal wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om kerk toe te gaan – nie 'n dag om teen op te sien nie, maar om na uit te sien.

Vyfde gebod: As Ek in jou lewe is, belowe Ek vir jou dat dit vir jou 'n voorreg sal wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal vir jou nie moeilik wees nie, want agter hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies en geleen het.

Sesde gebod: Ek belowe jou dat jy nooit iemand sal wil seermaak nie, wat nog te sê doodmaak.

Sewende gebod: Ek belowe jou dat, as jy My liefhet, dit nie moeilik sal wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. Gee My 'n plek in julle huwelik en Ek sal julle liefde vir mekaar en julle geluk in my hande bewaar en vashou.

Agste gebod: As Ek op die troon van jou hart sit, belowe Ek dat jy nie daarop ingestel sal wees om iets van ander te neem nie. Jy sal daagliks vra: Aan wie en waar kan ek aan 'n ander iets GEE? Maar néém? Nee, nooit …!

Negende gebod: As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van 'n ander kwaad te praat nie. Ek belowe jou dat Ek deur my Gees jou 'n lojale mens sal maak wat van ander geen woord sal sê as dit nie iets goeds kan wees nie.

Tiende gebod: Ek belowe dat Ek deur my Gees jou só sal vul met dankbaarheid dat jy niks meer sal begeer nie. Jy sal vergenoeg wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat Hy dit nodig vind en as Hy gee, gee hy altyd genoeg sodat niks jou sal ontbreek nie.

Uit: *Gebedeboek met Liturgiese Voorstelle*, Johan van der Merwe (Red.), Lux Verbi. BM, Wellington. 2001.

Mosaiek

Elke Sondagaand om 19:00

7 Mei en 14 Mei

Ontdek die waarheid oor

the da vinci code

Kry genoeg inligting oor die feite en mites wat in hierdie opspraakwekkende boek en rolprent vervat is om self 'n mening te vorm en deel te neem aan die gesprek—veral ook met ongelowiges!

21 Mei tot 11 Junie
Reeks:

In die stof van die Rabbi

Jesus het geleef soos 'n Jood, gepraat soos 'n Jood, aanbid soos 'n Jood
Hy het as 'n Jood grootgeword, 'n Joodse opvoeding ontvang en het op dertigjarige ouderdom as 'n Joodse rabbi begin optree.

Wat beteken dit om 'n *talmīd* (dissipel) van die Rabbi van Nasaret te wees?
'n Dissipel moet bedek wees deur die stof van sy rabbi se voete
- Joodse gesegde uit die eerste eeu

Vir vier weke gaan ons kyk na wat dit beteken om so naby aan Jesus te loop dat die stof van sy voete ons bedek!

Derde kwartaal
Reeks:
NUWE LIG OP

OPENBARING

6 Augustus tot 17 September

Ondervind die troos en bevryding wat die boek Openbaring ons bied. Kom ontdek nuwe insigte in hierdie boek en raak ontslae van valse en misleidende interpretasies.

40 dae

Fokus ons verhouding met mekaar

'n Oorvloedige lewe is 'n lewe wat oorvloei van *liefe, vrede en vreugde*. Dis 'n lewe wat *baie* vrugte dra (Joh 15:8); 'n ryk, vol lewe wat sin maak en betekenis het. Baie mense kies om 'n saai lewe te leef wat op die ou end geen waarde het nie. Hoekom dan so 'n lewe leef as die Here vir ons soveel méér in gedagte het? Kom ontdek in drie fokus-tye van 40 dae elk wat dit beteken om 'n lewe-in-oorvloed te leef! (Joh 10:10)

Volgende kwartaal gaan ons ons tweede tydperk van 40 dae binne. Waar ons hierdie kwartaal gefokus het op ons verhouding met God, gaan ons tydens die tweede kwartaal fokus op ons verhouding met *mekaar*.

Die temas tydens hierdie 40 dae is:

- Sondag 7 Mei: *Die huisgesin van God.*
- Sondag 14 Mei Die huisgesin van God *vergewe* mekaar [*Genade* is die basis van ons verhouding met mekaar
- Sondag 21 Mei: Die huisgesing van God *versorg* mekaar [*Gemeenskap* is die konteks van ons verhouding met mekaar.]
- Sondag 28 Mei: Die huisgesin van God *versterk* mekaar [Gebed—en meer spesifiek gesamentllike aanbidding—is die kern van ons verhouding met mekaar.]
- Sondag 4 Junie: Die huisgesin van God *verryk* mekaar. [Groei is die potensiaal van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 11 Junie: *Vervul* jou funksie in die huisgesin van God. [*Gehoor-saamheid* is die doel van ons verhouding met mekaar.]

Onderliggend aan elkeen van hierdie temas is die vyf waardes van ons gemeente, nl. genade, gemeenskap, gebed, groei, gehoorsaamheid. Hierdie waardes is gekoppel aan die vyf vernaamste take van 'n gemeente volgens Ef 4:11, nl. sending (apostoliese taak); aanbidding (profetiese taak); gemeenskapsbediening (evangeliese taak); onderlinge versorging (herderlike taak); toerusting (leer-taak). ***Sien tabel.***

Temas	Waarde	Ef 4:11	Taak	Uitkoms
Verheug (Basis)	Genade	Evangeliste	Gemeenskaps-bediening	Lewensvrede
Vertrou (Konteks)	Gemeenskap	Herders	Onderlinge ver-sorging	Lewenstuiste
Verdiep (Kern)	Gebed	Profete	Aanbidding	Lewenskrag
Vernuwe (Potensiaal)	Groei	Leraars	Toerusting	Lewensvernu-wing
Verbind (Doel)	Gehoorsaamheid	Apostels	Sending	Lewensver-vulling

DIE KEER TOE GOD

'N SKRYNWERKER GEWORD HET

(30) SY OPSTANDING EN VERSKYNINGE

Ds Odie Odendaal

Lees: Mk 16 en 1 Kor 15

Sondagmôre vroeg het Hy opgestaan uit die graf en daarmee die bande van die dood verbreek. Dit was asof sy dood Hom losgelaat het in die wêreld. Geen Raad of regering sou Hom weer kon vang en beperk nie. Die dood het Hom vrygemaak van wêreldse beperkinge en in die opstanding is al daardie bande afgeskud. Hy het oorwin oor alle magte. Jesus se opstanding het beteken dat Hy enige mens enige oomblik kon ontmoet. So het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn daardie Sondagoggend by die graf. Daardie aand het Hy aan die dissipels verskyn waar hulle agter geslote deure saam was en vir hulle gesê: *"Vrede vir julle."* En verder: *"Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook."* 'n Week later het Hy weer aan hulle verskyn terwille van die ongelowige Tomas. So het Hy ook tydens 'n visvangs aan hulle verskyn. 'n Baie merkwaardige verskyning was sy verskyning aan die twee Emmausgangers. Hy het by hulle aangesluit en moes hulle teregwys. *"Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees!"* Dit, omdat hulle so morbied was oor sy dood. En toe, in Emmaus by die aandete, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. Toe gaan hulle oë oop en herken hulle Hom. Tot vandag laat gebrek aan begrip, traagheid van gees, en ongeloof die opstanding sy glans verloor en die opgestane Heiland sy impak. Die Heilige Gees wat Christus se werk in ons harte toepas, is nodig om ons oë te open.

Dit mag nog steeds swaar wees om te sterf maar die dood beteken nie meer dat die lewe op niks uitloop nie. Voortaan sou die dood net 'n mylpaal wees wat 'n mens bereik en verbysteek; nie meer 'n eindpunt nie. Soos dit met Jesus gegaan het in die graf, sal dit met elke mens gaan. Hy sal opstaan. Opstaan uit die mag van die sonde en opstaan uit die mag van die dood en ingaan in die Koninkryk van die Here.

VRAAG:

Wat beteken die opstanding vir ons?

GEBED:

Hemelse Vader, Jesus het opgestaan vir ons nuwe lewe. Ek eien dit my toe in geloof. Baie dankie dat sy opstanding die waarborg is dat ons ook op sal staan uit die dood. AMEN.